

Nomades Voetslaanklub Roete-terugvoer.

Skeurkrans staproete

4-6 Junie 2016. Naweek, Basiskamproete. Dagstappe.
Sowat 30km (reguitlyn) Noord-Wes van Mookgopong (Naboomspruit),
Sowat 50km padlans waarvan laaste helfde grond/sand-pad is.
Kamp : S24 15' 58.3", E28 37' 29.3"
Parkering : S24 16' 03.1", E28 37' 31.9"

Marius Stander, Christa du Plooy, Pieter Coetzee, Fritz van Deventer, Norma Grotius, Anna-Marie Lotter en Wilna Moolman stap saam. 7 Siele. Carol B en Phrina O is ongesteld en kan ongelukkig nie saamstap nie.



Net na 15:00 Vrydag is ek amper by die plaas en daar staan Christa en Wilna in die sandpad. Die Sx4 het vasgeval in die los sand. Ons probeer sand wegskuif, en die motor uitkry, maar nie gou sukses nie toe 'n Bakkie wat later blyk Cecile (eienares) se kleinseun is, toevallig van voor kom en die Sx4 gou uitsleep. My Sandero het darm nie vasgeval nie. Ons ry sonder voorval die laaste paar km's en vind die parkeer area waar die motors gelos word en dra ons bagasie op so 200m na die kamp. Alles is toegesluit. Ons bereik uiteindelik Joseph, die kampbestuurder wat die naweek nie daar is nie, wat iemand stuur met die sleutels wat weer iemand anders stuur om die gas te kom aansteek. Hul het nie geweet ons kom nie. Maar als eindig wel. Ons is in en die kamp is nie te vuil nie. Ons besef gou hier is baie Bobbejane en stoor sommer van ons kos in die een yskas wat nie werk nie. Dan met 'n luide uitroep verwilder Wilna dan ook muise van my broodrolletjies af. Mooi pak en wegsteek om vir die 'natuur' voorsiening te maak. Elkeen kies 'n kamer en skop nes.

Die Skeurkranskamp bestaan uit 3 hout-A-raamhutte, genaamd, Naboom, Sering (A en B) en Koedoebessie (A en B) wat onderskeidelik 16, 4+4 en 4+4 mense op stapelbeddens kan slaap. 32 Totaal. Die ablusiegeriewe by 'Gatapie' het 2 wasbakke, 2 storte en 'n toilet. 'Gatietie' het 3 'privaat' wasbakke, 3 storte en 2 sitplekkies. Daar is 'n donkie wat warm water behoort te voorsien wat wel soms daar was. Dit word vir ons gestook. Die kombuis/lapa area het 'n gasyskas en 2 gasplate wat funksioneel was. Vrydag het een plaat gewerk en Saterdag die ander een. Daar is krat vol potte en panne en klompie koppies en ander gerei. 'n Onderdak braai ook sou dit reën. Lekker kuier tafeltjies en stoele onder die kombuis-dak. Heel gerieflik. Geen krag. Dowwe parafien lampies.



Vrydagaand weer heerlijk gebrui. Ons merk op dit is aansienlik warmer hier as in Pretoria. Tot redelik laat (so 19:00) sit van ons nog sonder baadjies. 'n Lekker aand met die mooiste oop sterrehemel bo ons. Ons hoor 'n verskeidenheid diere deur die aand en nag.

Die eienares, Cecile kom groet ons net toe die groepsfoto om 8:00 Saterdagoggend geneem word. Sy vertel ons o.a. onder geen omstandighede van die mensgemaakte strukture soos bruggies en leerjies op die roete gebruik te maak nie, daar is oral alternatiewe, aangesien die' nie meer instandgehou word nie en onveilig is.

Vandag stap ons die ietwat langer Geel Lui-perd roete, die buite-lus wat toe blyk oor die 280m styg. Die kamp lê 1300m bo seevlak en die hoogste punt van die roete is op 1577m. Ons styf vinnig. Die veld is droog. Opdraand!. Hyg. Rus. Uitkyk. Fotos neem. Tot op 'n besonder klipplaat wat die opgeblase tekstuur van olifantvel het. Ons kyk uit oor die groot vlakke hieronder.



Dan agter die koppie in. Dit 'lyk' soos bo, maar nee. Ons styg nog. Alwyne en klipformasie, sand en klippe. Mooi paadjie wat goed en baie gereed gemerk is met die geel spoorjies. Ons sien ons kamp daar onder. Dan die eerste ou bruggie waarvoor ons nie mag gaan nie, daar is 'n hele aantal sprotjies weg. Nog baie mooi alwyne en baie bome wat met hul name gemerk is. Dan is ons bo en ons stap 'n entjie op 'n gelykte en vind 'n lekker middagetestopplekkie. Stofie uit, tee gestook, rustig gewees en net die stilte van die natuur ingedrink. Oral ook die mooiste klippe met hul ligene op. Oral klein varingkies in



die skadukolle.

Dan by die 'swempeel in seisoen'. *Dit is nie nou seisoen nie.* Maar daar is genoeg van die Yskoue water sodat 'n paar van ons darm ons voete bietjie in die water kan laat afkoel. Ander vang 'n sommer 'n slapie. As hier en bietjie laer 'n 'n' groter gat wat 'n poel sou kon wees water het, sal dit heerlike swemgeleentheid bied, veral as dit in die somer warm is. Ons weer is vandag baie lekker en warm. Geen wind nie. Die perfekte stapweer. Ons stap weer op die wit sandpaadjies verder en begin nou ernstig te daal af in 'n klofie en stop 'n keer of twee om die bene 'n rus te gee. Ons verwonder ons oor die mooi uitsigte op die kranse voor ons en die vergesigte oor die vlakte onder ons en die mooi natuur hier by ons.



Dan is ons onder. *So dink ons.* En loop lekker gelyk. Dan die onverwagse koppie op en oor. Deur die heining (Foto onder) en dan agter die watertenks verby. Bietjie kontoer en ons is agter ons lapa. Tuis. Dit was so tussen 8 en 9km. Sommige stort, ander maak tee, ander vang 'n middagslapie. Ons kry goeie oefening, veral omdat die onderste twee hutte redelik ver van die lapa is en dit 'n klip-paadjie kos om bo te kom. Die Ablusie geriewe is ook weer op die ander hoek van die kamp ook met 'n styl klip paadjie af met sy staal reeling. Die aand weer gebraai en lekker met mekaar geskerts. Na aanleiding van een van die manne wat uitbrei oor sy ego(s) word hy toegesnou hy is HansGat deur 'n dame wat later uitgebrei word deur die groep na as 'Oor-Lams-Hans-Wind-Gat'. Alles in lekker goeie gees.



Sondagoggend stap Fritz nie saam nie. Ek maak my eier/wors/ham ontbyt. Weer 8:00 gestap. Die keer op die wit 'Bobbejaan' roete. Sowat 6km. Ons styg weer steil vandag in 'n ander klofie op. Dan 'n hele entjie lekker kontoer en weer 'n oppie. Ons stop by 'n klein lopende stroompie en geniet so rondom 9:45 'n vroë teetyd.



Na nog 'n paar kinkels en draaie is ons op die kranse-rand. Hier is nou 'n paar plekke van die oorblyfsels van die ou Boskloof' oornag roete wat so 4 tot 5 jaar gelede gesluit het omdat die buurplaas waarop die oornag hut was verkoop is. Daar is egter veiliger alternatiewe wat ons hier neem. Mooi rotsplate en afgronde. Mooi uitsigte.



Dan 'n baie mooi digte klofie af, al langs wat in reënseisoen 'n heerlike stroompie sou wees. Op die vlakte onder gekom, verby masiewe rotse wat net hul oorsprong van die kranse bo-kant ons kon gehad het. Lekker baie bome hier. Ons sluit aan die laaste paar honderd meter by die paadjie waarmee ons vandag uitgestap het en kom weer agter die Naboom hut uit.

Laaste tee gemaak, gestort, sommige warmer as ander, ingepak en afgedra na die parkeer area en die keer darm sonder vasval voorvalle deur die sand uitgery. Ons het maar besluit die drie voertuie sal saam uity op die sand-pad-deel, net om veilig te speel. By 'n T-aansluiting op die groter grondpaaie neem die een voertuig 'n afdraai in die 'ander' rigting, maar ons is agter haar en lei die pad en ons is almal nou op (*die regte*) pad. 'n Heerlike naweek. 'n Lekker roete met genoeg moeilik in, maar tog so dat almal dit gemaklik kon doen. Ons kan egter voel en getuig ons het wel GeSTAP die naweek.

Ons bespreek by via Anvie Ventures by www.anvientures.co.za

Finansies: (Ons vra per R270 per lid en R300 per nie-lid).

Inbetalings : **R 2490.00**
Inbetalings (9persone)(2NieLede): R2490.00
Uitbetalings : **R 2487.00**
Stap (9 persone) : R 2340.00
Besprekingsfooi (Anvie) : R 50.00
Brikette(R50); aanstekers(R17): R 67.00
Hout : R 30.00
Projek surplus : **R 3.00**



Vriendelike stapgroete

Marius Stander.

www.Nomades.co.za

vir meer stapverslae en
Nomades se kontak inligting en
jaarprogram.

MariusStanderPTA@gmail.com

